Source: BEELD
Date: 13-Jul-2006
Topic: 05
Ref No: 1244
1
ID: 03361994-01
Source Page: 22

# SA se slegte en goeie op een dag

## 'n Golf van meelewing en toe: 'Ek sny nie etniese hare'

**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Ek is soms moeg daarvoor om in die nuwe Suid-Afrika swart te wees. Niemand het my immers in 1994 gewaarsku oor die emosionele wipwaentjie wat gewone swart en wit mense se daaglikse lewens vir 'n lang ruk sou definieer nie – op straat en op skool; in winkels en in kerke, oral – terwyl ons sukkel om mekaar te vind.

Jeandré Diederichs, derdejaarstudent, briljante jong man, enigste kind van dierbare, liefdevolle ouers, deur sy professore gerespekteer en bemind onder sy medestudente, is anderdag in sy slaap oorlede. Dit was die hartseerste dag in my lewe as dekaan aan die Universiteit van Pretoria.

Ek het die lang pad na die begrafnisdiens by die NG kerk Wonderpark saam met honderde ander rouklaers afgelê. As een van die min swart mense in die stampvol kerk, het ek tuis gevoel tussen my mede-Suid-Afrikaners. Sy ouers het my in trane gegroet.

Dit was een van daardie seldsame oomblikke waartydens 'n mens net jouself kon wees; kon opgaan in die gemeenskaplike golf van medemenslikheid. Al was ek hartseer oor die verlies van hierdie jong man, is my hart opgebeur deur die warmte wat die kerkgemeenskap uitgestraal het en die empatie van my student se vriende en ouers.

Ná die begrafnis haas ek my terug. Ek stop by 'n broodwinkel in Groenkloof en bestel vars toebroodjies. Die voorbereiding van my bestelling duur 10 min.; dus stap ek 'n haarsalon langsaan binne en vra hulle om gou my hare te sny. Aangevuur deur my ervaring in die kerk, het ek my waaksaamheid verslap. Groot fout. Sonder enige kliënt in sig kreet die wit vrou, ywerig aan 't werskaf met 'n muurprop, 'n oorbekende refrein uit: "Ek doen nie etniese hare nie!" Ek vervies my en maak dit duidelik dat sy ook "etnies" is.

Ek wil toe sommer ook weet hoe sy my wit vriende wie se haartekstuur met myne ooreenstem, hanteer. Ná 'n onverkwiklike dialoog loop ek; maak dit vir myself uit dat hierdie tipe barbaarse optrede maar telkens in die steeds nuwerige Suid-Afrika na die oppervlak sal kom. Afgehaal en onder die indruk dat ek my maandelikse rassistiese kwota agter die rug het, stap ek om.

'n Wit vrou kom uit die kombuis met my toebroodjies en kondig in 'n luide stem aan: "Vir 'n swart man praat jy goed Engels!" In minder as twee minute is my hoopvolle, versterkte gees deur twee wit landgenote verpletter. Dat een Engels was en die ander Afrikaans, is nie ter sake nie.

Dit was 'n rowwe dag, maar toe onthou ek hoe dikwels ek binne een dag of oor een naweek deur verskillende emosionele tydsones reis en hoe onbewus ek is van die moontlike uitwerking hiervan op hart en gees. Amper soos anderdag, toe ek onderwysers in die middel van 'n reuse-plakkerskamp net buite Johannesburg oplei en wonder waarom die energieke jong onderwysers hulself hoegenaamd die moeite getroos het om op te daag vir werk in daardie mistroostige omstandighede wat kennelik niks verbeter het nie sedert die aanbreek van ons post-apartheid-demokrasie. Die volgende aand praat ek in 'n groot en indrukwekkende wit, Afrikaanse NG kerk, ligjare verwyder van die plakkerskamp ten opsigte van hulpbronne, kultuur, taal en kleur. Die aand daarná open ek 'n boekbekendstelling in die hartjie van die skandelik gegoede Sandtonplein waar mense met oordrewe Engelse aksente pronk. Om só rond te reis is abnormaal en ek moet telkemale behendige emosionele en politiese aanpassings maak betreffende my manier van praat, die taal wat ek besig, asook dit waaroor ek praat.

Kort hierna vertel ek 'n wit vriendin van die haar- en toebroodjie-insidente. Ontmoedig verlaat sy my kantoor en stuur 'n e-posboodskap; vra om verskoning vir die vrot gedrag van wat sy "my mense" noem. Ek antwoord en suggereer dat dít die kern van die probleem is: Daardie mense ís my mense.

Ons Suid-Afrikaners tree verstandig op wanneer ons mites oor wie "ons mense" nou eintlik is, aftakel. Eers wanneer ons die pyn voel en die patologieë verstaan van daardie mense wat ons as anders as onsself beskou, sal ons daarin slaag om die ontsaglike sosiale klowe te oorbrug wat ons as gewone landsburgers steeds skei. Maar dan sal ons noodwendig bereid moet raak om oor baie onbekende landskappe te reis, nuwe tale te praat en ons emosionele selwe aan risiko's bloot te stel.

■ *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan Tuks.*